



Buffelbul wat grootgemaak word vir die teel- of jagmark

Risiko's in die wildteelbedryf

'Diversifiseer alle fasette'

Ons waardeer die sinvolle insette van enige sakemense en dit is belangrik dat 'n mens kennis dra van risiko's voor enige beleggingsbesluit geneem word ("Risiko van beleggings in wildbedryf" en "Dr Johann Rupert oor die wildbedryf", November 2014-uitgawe).

Sekere sektore in die teel van wild kan riskant raak indien alle fasette van die wildbedryf nie geïnkorporeer en uitgebrei word om te diversifiseer nie.

Sakemense en medeboere gaan nie honderde miljoene rande in 'n bedryf belê as hulle nie ten volle glo in die volhoubaarheid en groei op hul belegging op lang termyn nie. Geen sakeman gaan dié soort geld spandeer net om terug te gee aan die natuur nie. Wildboere gee elke dag terug aan die natuur deur gevorderde natuurbestuur en spesie-opteling toe te pas.

Selfs boere met gewone wild van hoë gehalte is nou besig om die vrugte te oes van 'n florerende wildbedryf. Topgehaltediere diere wat betref bouworm, horinggrootte en genetiese diversiteit sal altyd 'n waarde hê.

Vervolg op bladsy 124 ➡



Selfs gewone wild van hoë gehalte wat betref bouworm en horinggrootte, soos hierdie rooibokteelram, sal altyd 'n waarde hê.

DR JOHAN KRIEK, welbekende met baie ervaring van en 'n passie vir die wildbedryf, gee sy siening oor risiko's in dié bedryf. Hy sê sekere sektore in die teel van wild kan riskant raak indien alle fasette nie geïnkorporeer en uitgebrei word om te diversifiseer nie.

Risiko's in die wildteelbedryf

'Diversifiseer alle fasette'

➔ Vervolg vanaf bladsy 123

Redes vir ongelooflike groei

Die redes vir die ongelooflike groei in ons bedryf is baie eenvoudig:

- Die vraag oorskry die aanbod by verre.
- Geen ander belegging kalf elke 9 tot 12 maande nie.
- Die potensiaal om te diversifiseer is oneindig (toerisme, teel, jag, looiery, vleisverwerking, ens).
- Vanweë die verskillende bedrywe groei werkskepping daaglik.
- Daar is oor die 11 000 geregistreerde wildplase wat feitlik almal buffels, swartwitpense of bastergemsbokke wil hê, om nie eens te praat van die verskeie kleurvariasies nie. Getalle van dié spesies staan onderskeidelik op rondom 100 000, 20 000 en 4 500. Dus is daar by verre nog 'n groot tekort aan diere om aan die aanvraag te voldoen.
- Helfte van jou aanteel word ná 6 tot 10 jaar gejag in die biltong- of trofeemark.
- Marginale grond (80% van SA het 'n lae landbouproduksiepotensiaal) is wel geskik vir wildboerdery en word deur onderbeweiding verbeter.
- Alle ander boerderybedrywe kan gekelder word deur swak invoerwetgewing (mielies, koring, skaap, bees, vark en hoenders) terwyl wild uniek is aan Afrika en slegs in Suider-Afrika bewaar word.
- Daar is heeltid nuwe toetreders tot die mark wat deel wil raak van die bedryf. Die meerderheid kopers op wildveiling is boere wat nog aan hul kuddes bou. Sels bestaande, gesoute wildtelers koop nog steeds by mekaar om hul kuddes te verbeter.
- Die eindproduk van wildtelery is bewaring en om dit ten volle te laat realiseer, is jag net so belangrik.

Wildbedryf en bewaring

Kleurvariasies kom nie noodwendig neer op bewaring nie, maar dit befonds wel die bewaring van talle ander spesies; op die ou end hou dit geen bedreiging in vir ons natuurlike populasies nie aangesien dit resessiewe gene is wat weer na normaal sal terugkeer in een geslag. Terwyl die unieke kleurvariasies in die natuur te vinde is en gewone boere skielik ook 'n kans gee om die wildbedryf te betree, en terwyl talle nuwe toetreders die kleurvariasies gebruik om die bedryf te betree, sal alle kleurvariasies nog vir baie jare 'n hoë waarde hê. Teel net onmiddellik weer uit met nuwe gene om inteling te beperk of te vermy.

Beleggingswaarde

Geen persoon wat in besigheid belê gaan sy laaste spaargeld daarvoor gebruik nie. Die paar wildboere wat wel in die laaste 20 jaar daardie kans gewaag het, was nog nie 'n enkele dag spyt nie. As 'n mens praat met persone wat al hul hele lewe lank in die wildbedryf is, het jy nie nodig om enigiemand aan te moedig om in dié bedryf te belê nie. Die passie en opbrengs op belegging spreek vanself. In die

Mattanu Queen en haar nageslag sal 'n ongelooflike bydrae lewer tot die genepoel van swartwitpense in SA.



vroeë 80's, toe swartwitpense vir slegs R7 000 verkoop is, was dit gelykstaande aan daardie jare se Toyota Hilux-bakkies. Nou in 2014, met die gemiddelde prys van swartwitpensverse in die omgewing van R400 000 tot R450 000, kan 'n mens sien dat wildpryse relatief tot baie ander bedrywe gestyg het. Die verskil is dat die aanteel eksponensieel toegeneem het. In daardie jare het ons al besluit om nie al die bokke wat ons ingevoer het, te hou en die mark te beskerm nie, want daar was nog geen mark nie. Deur diere te verkoop en indirek kompetisie te skep, het ons 'n mark begin stimuleer wat gegroei het tot vandag se wildbedryf, wat nie deur enige sakepersoon of ekonoom verduidelik kan word nie. Die sogenaamde "borrel" groei al vir 30 jaar, en met die geld en persone wat nou daarin belê is, sal dit nooit kan bars nie.

Vraag en aanbod deurslaggewend


Soos met enige bedryf die geval is, moet die vraag afneem namate die aanbod toeneem; elke wildboer besef dit. Ons sal egter nooit 'n ineenstorting in ons bedryf sien nie. Pryse kan wel afplat vir gemiddelde diere en diere of kleurvariasies wat maklik geteel kan word, maar gehalte en unieke kleure sal altyd in aanvraag wees. Solank 'n bok net meer werd bly as 'n skaap of bees, maak dit baie meer sin om daarin te belê, veral as jy nie afbetaalde grond het nie.

En terwyl elke tweede plaas 'n wildheining kry en tot ons biodiversiteit en werkskepping bydra, kan ons maar weet dat die bees- en skaapprys ook sal baat by ons groeiende bedryf. Vraag en aanbod sal altyd sake bepaal.

Wanneer die kleurvariasies eendag algemeen genoeg voorkom sodat ons hulle teen dieselfde pryse as ons goeie bastergemsbok-, swartwitpens- of buffeltrofee aan jagters kan bemark, sal ons bedryf nog gesonder en meer volhoubaar as ooit wees. Ons is nog baie ver van daardie stadium af.

Wanneer ons eendag volop bastergemsbokbulle van gemiddeld 30", swartwitpensbulle van 44" en buffelbulle van 47" teen bekostigbare pryse aan trofeejagters kan bied, sal ons bedryf op sy gesondste wees, want uiteindelik word ons bedryf deur die jagmark gestimuleer. Ons is egter ook nog baie ver van dié stadium af.

Die feit dat niemand wat hoë pryse vir wild betaal het, vir laer pryse sal verkoop nie, beskerm ook ons bedryf nog



Shangaan het die afgelope jaar reeds 4" duim gegroei om 43" te meet op die ouderdom van vier jaar, en is by ons buffeltroppe gevoeg om die bestaande Addo-, Oos-Afrika- en Natal-genepoel met die Kruger-bloedlyn geneties te diversifiseer.

verder. Die realiteit is ook dat 'n groot persentasie persone wat deesdae in die wilddedryf belê, reeds in ander bedrywe belê het en nie net afhanklik is van hul wilbbelegging nie. Hulle sal dus ook hul eie mark beskerm, net soos in die geval van diamante en vele ander bedrywe wat al vir eeue winsgewend bly.

Daar sal altyd wild wees wat almal se sak pas. Die ongelooflike realiteit van die wilddedryf is dat enige persoon kan toetree op die vlak wat hy kan bekostig sonder om 'n risiko te loop. Almal is mal oor wild en die natuur en dit is 'n voorreg om deel te kan raak van so 'n ongelooflike bedryf in ons land. Die koedoe is 'n goeie voorbeeld van die volhou-



Bastergembok-bul geteel uit Kasungu- en Nyika-gene, wat ingevoer is in 1987/91 om die uitsterwende bastergembokpopulasies in SA se genepoel te verbeter.

baarheid van die wilddedryf in Suid-Afrika. Hoewel hy een van die algemeenste boksoorte in die land is, is die bul se trofeewaarde (jagwaarde) steeds 600% van die vroulike dier se waarde. Trofeebulle kan vir gemiddeld R12 000 gejag word, hoewel hulle geteel word uit koeie van slegs R2 000 per bok. Wanneer dit eenvoudig teruggewerk word, is dit om en by 100% groei per jaar wat die wilddedryf vir selfs beginner-wildboere winsgewend maak.

Indien die aandelebeurs se beginsels enigsins van toepassing op ons bedryf was, het ons al 'n paar keer ons vingers in die proses verbrand. Gelukkig is die meerderheid boere / beleggers nie in die wilddedryf om 'n vinnige paar rande te maak en dan uit te klim nie. Ons is vir altyd in dié bedryf.

As wildboer gaan ek eerder nie my opinie uitspreek oor die diamant-, aandele- of wynbedryf waarvan ek niks weet nie. Wees egter verseker dat ek my oorwoë mening oor en passie vir ons wilddedryf sal uitspreek.



Matetsi-teelbul nou by Mattangu.